NG Gemeente Stellenberg
Vakature: Voltydse leraar

Gemeenteprofiel:

Stellenberg-gemeente is ’n makrogemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad en bedien woongebiede soos Stellenberg, Eversdal, gedeeltes van Durbanville en ook verskeie areas buite die tradisionele grense van die gemeente. Daar is ongeveer 5500 lidmate betrokke by die gemeente en word bedien deur vyf voltydse leraars en een pastorale hulp. ’n Voltydse kinderwerker is ook in diens van die gemeente.

Leraarsprofiel:

- Gelegitimeerde predikant van die NG Kerkfamilie.
- ’n Leraar wat die Here liefhet, dien en ook lojaal is teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Die breë spektrum van gemeentebediening (multi-bediening) is belangrik in dié pos. Dit sluit in alle vorme van pastoraat, prediking, gemeentebestuur, dissipelmaking en familiebediening.
- Bewese ervaring in gemeentebediening is ’n vereiste en spesifieke ervaring en vaardigheid in die bediening van kleingroepe en familiebediening is ’n sterk aanbeveling.

Belangstellendes word versoek:

- om ’n volledige CV met die name en kontakbesonderhede van drie persone wat as verwysing gekontak kan word, te voorsien.
- indien versoek word, moet die aansoeker bereid wees om ’n onderhoud by Stellenberg te kom voer met lede van die pre-advieskommissie.
- Leraars wat op die kortlys kom, sal versoek word om ’n opname van ’n preek wat gedurende die afgelope drie maande gelewer is, te voorsien.

Vergoeding: Vergoeding volgens sinodale riglyne word aangebied.

Sluitingsdatum: 6 April 2018

Rig aansoeke aan:

Die Voorsitter Diensverhoudinge

E-posadres: stellenberg@stellenberg.co.za